

**13 Junie**

**Skrifgedeelte: Psalm 45**  
**Fokusgedeelte: Psalm 45:18**

**'n Lied sonder grense**

“Mag deur my lied die roem van u naam oor geslagte strek, sodat volke u vir altyd sal prys.” Psalm 45 is 'n bruilofslid, opgedra aan die koning as die bruidegom. In hierdie lied word die versugting teenoor die koning uitgespreek dat deur die lied die roem van sy naam oor *al die geslagte heen* sal strek, sodat volke hom *vir altyd* sal prys.

Wie is hierdie koning? Kyk 'n mens dieper na hierdie vers, sien jy dadelik dat hierdie lied ten diepste 'n lied sonder 'n punt is. 'n Lied sonder 'n einde. 'n Lied bestem vir alle tye. 'n Ewigheidslied. 'n Lied wat oor die grense van die tyd reik, en tot in ewigheid strek. 'n Lied “vir ewig en altyd” (1953-vertaling). Hierdie lied dra die roem van die koning oor *al die geslagte heen* – nie net hierdie geslag nie. Dit is 'n lied wat waarin *al die volke* die koning sal prys – nie net hierdie volk nie.

Wie anders kan dit wees as Jesus Christus, onse Here? In Hom is hierdie lied vervul. Want Hy is die Koning van alle konings, en sy troon staan vir ewigheid vas (Heb 1:8). En sy bruid is die kerk. Daarom is ons as gelowiges ook by hierdie lied ingesluit. Ons sing ook hierdie lied met diepe dankbaarheid saam tot eer en verheerliking van onse Here Jesus Christus deur Wie ons uit genade alleen gered is.

Ons sing en ons jubel tot die eer van sy Naam: “My hart, ontroer deur mymering, sal lieflik van 'n Koning sing. My tong, deur digvuur aangedryf, is soos 'n pen wat vaardig skryf.”

*Sing: Psalm 45:1 (Totius/1936-beryming)*

*Ds MP Harris (Witbank-Suidoos)*